

13 Februarie 2023

Dr. S. Chalufu
Uitvoerende Direkteur: Studentelewe
Noordwes-Universiteit
Privaatsak X6001
POTCHEFSTROOM
2520

E-pos: 27194477@nwu.ac.za

Geagte Dr. Chalufu

PUK-DORPSKOSHUISE SE EERSTEJAARSTUDENTE APART VERWELKOM OP 11 FEBRUARIE 2023

Ek skryf hierdie brief namens die burgerregteorganisasie AfriForum in my hoedanigheid as AfriForum Jeug-woordvoerder in reaksie op die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus (Puk) wat op 11 Februarie 2023 dorpskoshuise se eerstejaars apart verwelkom het. Die onregverdige uitsluiting van studente lei daartoe dat ons genoodsaak is om die volgende belangrike vrae te vra en antwoorde daarop te eis:

1. Wanneer het die Puk die besluit geneem dat dorpskoshuise se eerstejaarstudente apart verwelkom moet word?
2. Waarom is die studenteleiers (huiskomitee-lede) eers 23:30, Vrydagaand (10 Februarie), van die besluit in kennis gestel?
3. Gaan die Puk vir die eerstejaars, wat by die verwelkomingsfunksie in die amfiteater uitgesluit was, weer 'n amfissessie aanbied waar kunstenaars opgetree het, sprekers die studente toegesprek het, ensovoorts?
4. Waarom het die Puk nie voorsiening gemaak om al die eerstejaarstudente by die amfiteater te akkommodeer nie?
5. Indien u 'n tekort van begroting as antwoord op vraag 4 aanvoer, verduidelik asseblief waarom daar nie genoegsame finansies was om die studente, wat ten volle betaal het vir registrasie en oriëntasie, te akkommodeer nie?
6. Die verwelkomingsfunksie vind jaarliks plaas en daar word altyd voorsiening gemaak om al die eerstejaarstudente daar te akkommodeer. Waaraan is die geld bestee, wat hiervoor bestem moes wees?
7. Verskaf asseblief aan ons die rekords van besluitneming dat dorpskoshuise se eerstejaarstudente in aparte lokale verwelkom moet word, waar hulle slegs 'n virtuele uitsending van die amfissessies kon sien?
8. Indien die amfiteater se kapasiteit (plek) as rede by vraag 7 aangevoer word, waarom is die dorpskoshuise se studente wat tydens die funksie buite die amfiteater gestaan het,

WWW.AFRIFORUMJEUG.CO.ZA

Ledesake - E-pos: ledesake@afriforum.co.za • **Direkteure:** Me. A. Bailey, mnr. P.J.W. Buys, mnr. F.J.D. de Klerk, mnr. G.R. de Vries, prof. D.P. Goosen, dr. D.J. Hermann, mnr. C.M. Kriel, ds. D. Laufs, prof. J.J. Malan en mnr. W.J. Nel • **Maatskappysekretaris:** Mnr. N.H. Arnold
• **Registrasienumer:** 2005/042861/08 • **OSW-nommer:** 054 - 590

dan deur 'n bestuurslid, wat rapporteer aan die uitvoerende direkteur van Studentelewe, weggejaag?

9. Watter kultuur word onder die Puk se studenteleiers gekweek dat 'n studenteraadslid (SR-lid) die vrymoedigheid het om te sê dat die uitsluiting op grond van die koshuise se rassamesstelling geskied?
10. Watter dissiplinêre stappe gaan (of het) die Puk teen die skuldige SR-lid (ge)neem?
11. Stuur asseblief vir ons 'n bewys van 'n amptelike verskoning wat die Puk-bestuur en die SR aan die HK-lede en die dorpskoshuise se studente rig rakende hierdie onaanvaarbare uitsluiting.
12. Stuur asseblief 'n waarborg dat daar nooit by die Puk studente op grond van hulle ras uitgesluit sal word nie.

AfriForum Jeug vra vir u spoedige reaksie op al bogenoemde vrae, aangesien hierdie tipe uitsluiting onaanvaarbaar is en daar geen verskoning daarvoor is nie. Indien ons geen reaksie ontvang nie, sal daar verdere stappe geneem word.

Kontak my gerus indien u enige verdere navrae het.

Groete

René van der Vyver
AfriForum Jeug-woordvoerder
AfriForum
E-pos: rene.vandervyver@afirforum.co.za